Jaarverslag 2015

Meer van Doulos Gemeenskap Projekte

Doulos Gemeenskap projek is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie wat deur 'n droom gedryf word. Ons wil diegene wat hulpeloos voel help om weer oor hulle toekoms te droom. Ons wil hulle begelei om hulle drome te leef en om doelwitte te stel en te bereik op die grondslag van liefde, eerlikheid , hardwerkendheid en verdraagsaamheid.

Meer oor Doulos Armoede-Bediening

Ons is al vir 8 jaar besig met armoede-bediening Ons het begin in 'n Sondag skool klaskamer by 'n kerk in Oos-Moot. Die ruimte het binne 3 maande te klein geraak vir al ons bedrywighede en ons het ander blyplek gevind.

Ons is 'n Suid- Afrikaanse Nie- winsgewende organisasie Reg no. 053-086-NPO. Donateurs voorsien die organisasie van Lewensmiddele soos kos, groente en suiwel. Individue, maatskappye, kerk genootskappe, skole, klein groepe en boere en ander voorsien ons van alle hulpmiddele, en verseker sodat die organisasie kan voorsien in die immer- veranderende en behoeftes van mense wat onder die broodlyn lewe en wat versorging en veiligheid nodig het

Visie

Om hoop te bring sodat mense weer kan droom

Missie

- Om na diegene in nood om te sien
- Om mense te help om weer hoop te vind
- Om mense te help om weer hulle menswaardigheid te herwin
- Om opleiding te gee en mense toe te rus om werk te kry
- Om mense te leer om verantwoordelikheid vir hulle toekoms te neem
- Om die seer wat mense ervaar onder leiding van die Heilige Gees te genees

Hans Janse van Rensburg
Uitvoerende Direkteur
Doulos Armoede Bediening

Sel 083 269 7082
SkypeCall
E-mail hans@armoedebeding.co.za

Web http://www.armoedebeding.co.za
Twitter https://twitter.com/
Facebook http://www. Hans Janse van Rensburg

Dewald P. Montgomery
Specialist & Consultant/Spesialis & Konsultant
Delitech I.T. Solutions

Cell 082 894 7419 (Mo-Fr 08:00-16:00, Sa 08:00-14:00)
SkypeCall 012 743 6005 (Mo-Fr 08:00-16:00, Sa 08:00-14:00)
E-mail pretoria@delitech.info

Web http://www.delitech.info/
Twitter https://twitter.com/DelitechSA
Facebook http://www.facebook.com/DELITECHITSOLUTIONS

Kontak ons

Straatadres

Codonia Laan 735 Waverley Pretoria



Posadres

Posbus 15270 East Lynne 0186

Telefoon

- 012 752 3898 (Admin)
- 012 755 8199 (Kantoor Ure)
- 071 133 7370 (Na- ure)
- 012 755 8199 (Ook Na-Ure)

Uitvoerende Direkteur

Hans Janse van Rensburg 083 269 7082 hans@armoedebediening.co.za

Bemarking

Heleen Huyser 082 443 8874 huyserh@sapo.co.za

Uitvoerende Direkteur verslag

Inleiding:

Fokuspunte in die lig van Armoedebediening doelstellings
Die Armoedebediening se aktiwiteite het – bo en behalwe die normale navorsingsaktiwiteite waaroor later verslag gedoen word - in 2015 veral gefokus op die volgende projekte:

- *Projek Indiee*
- *Toerusting oor woord bediening*
- *Versekering vir werkers: Versekeringspolisse, begrafnis polisse,*
- *Lofprysing bediening in kampe*
- *Kleuterskool Sakabuka Elandspoort en Danville*

Bestuur:

Doulos Armoede Bediening word bestuur deur sy uitvoerende Direkteur en 7 lede in die span en hulle slaag daarin om alle strukture van ons instelling effektief te laat funksioneer. Gereelde vergaderings en voortdurende skakeling met elke sektor, verseker dat dienslewering aan behoeftige mense met die minimum hindernisse kan plaasvind.

Ten opsigte van ons finansies, dien gemeld te word dat Doulos Armoede bediening kerngesond is. Ons kom op ’n daaglikse basis alle regulasies rakende finansiële bestuur en kontrole nougeset na. Hiervan is die opeenvolgende positiewe ouditeursverslae van die afgelope jaar, insluitende die vorige boekjaar, ’n sprekende voorbeeld. Voorts vind hierdie goeie finansiële bestuur neerslag in die wyse waarop die bestuurspan met groot erns toesien dat alle fondse tot voordeel van ons nedersettings en ander kliënte aangewend word.

Ons Finansiële verslag is by die Direkteur Finansies beskikbaar

Uitdagings:

Ons grootste uitdagings sentreer tans rondom die behoeftes van ons kleuterskole, gesondheid toestande in kampe, opleiding, ontwikkeling, werkskepping en kinders terug op skoolbanke,

Personeelvoorsiening, bykomende finansies vir hulpbronne, vrywilliger- ondersteuning en logistieke behoeftes.

Die Direksie van Doulos gemeenskap bediening het reeds begin met maatreëls om hierdie uitdagings die hoof te bied.

Hoogtepunte:

Ons grootste prestasie was ongetwyfeld die kleuterskool by Sakabuka Elandspoort en Danville

Ons het ook hierdie jaar begin met hulp aan die SAVF Silverton Pretoria

Hoogte punte op ander terreine was ons uiters suksesvolle fondsinsamelings pogings ondermeer die Mark elke Saterdag by Gesina stad

Toewyding:

Benewens die toewyding van die bestuurspan en personeel is die kleuterskole op die ondersteuning en dienste van ’n wye verskeidenheid vrywilligers. Sommige lede verrig vrywillige dienste. Hierdie kategorie vrywilligers moet geloof word vir hulle toewyding en kwaliteitdiens wat van onskatbare waarde vir die behoud en voortbestaan van ons instelling is. Van hul dienste behels kundigheid waarvoor die **organisasie** andersins sou moes betaal het.

Ons het verlede jaar, net soos die vorige jare, weer internasionale en plaaslike vrywilligers gehad. Hierdie kategorie vrywilligers het toewyding op verskeie vlakke getoon, soos die kinderversorging, sport en kultuur, fondswerwing en bystand met huiswerk. Nog vrywilligers wat spesiale vermelding verdien, is diegene wat daarin kon slaag om ons kinders se talente optimaal te help ontgin.

Slot:

My opregte dank aan die bestuurspan en personeel vir die puik en passievolle wyse waarop hulle hul take verrig het. Sonder hul toewyding sou ons nie in staat kon wees om sulke hoë standaarde te verseker nie. Ons dank gaan ook aan die vrywilligers en medewerkers

Ek wil almal voorspoed toewens vir hul volgehoue toewyding om die nood van ons kinders te help verlig.

Hoogtepunte in 2015

Donateurs: *Hierdie item is ook die jaar nommer een op die lys van hoogte punte.*

N rekord hoeveelheid kos, klere, komberse, blikkies kos, kombuisware, rekenaar toerusting, droë rantsoene soos mielie meel Kersgeskenke ens. Is weer gedurende die afgelope jaar ontvang van maatskappye, klein groepe, Boere en individue gedurende hierdie boekjaar.

Almal wat ́n verskil gemaak het in hierdie jaar is ons nommer een en ons dank u

U kan op verskeie maniere finansieel betrokke raak by die Doulos Armoede Projek: via 'n persoonlike skenking, 'n korporatiewe skenking, beurse, 'n internasionale skenking of selfs 'n testamentêre skenking. Kyk op ons webblad www.armoedebediening.co.za

Praat is afdraande, doen is opdraande"

Geld skenkings: *Ons het* – **R 398 937.97** *d. m. v kontant, aftrekorders, Internet oorbetalings en ander ontvang. Met hierdie gelde het ons kinders versorg in skole, bejaardes wat na klinieke moes gaan, dokters besoek en pensioene gaan haal het, vervoer van en na skole, Haal van donasies, kos by instansies, vervoer van kos voorrade na nedersettings, huurgeld vir kantore, water en ligte en telefoon. Ons het ook van hierdie gelde gebruik vir vervoer en herstelwerk aan voertuie en die op gradeer van geboue*

Borgskappe: *Een van die dinge wat hierdie jaar uitgestaan het en wat baie belangstelling getoon het was borgskappe vir bejaardesorg wat gemaak is en wat ons ontvang het.*

TEL JOU SEëNINGE, TEL HUL EEN VIR EEN,
SEëNINGE JOU DEUR GOD GESKENK!
TEL HUL ALMAL, KYK WAT GOD VERLEEN,
EN JY SAL VERBAAS WEES OOR WAT GOD JOU SKENK!